# NUWE JERUSALEM

*Afrikaanse vertaling vanuit: Bible Dictionaries - Baker's Evangelical Dictionary of Biblical Theology*

Die klimaks van 'n ewigheid m.b.t. die geskiedenis wat Verlossing betref, word in Johannes se beskrywing van die nuwe Jerusalem in Openbaring 21 - 22 as 'n voorskouing uitgebeeld.

Die nuwe Jerusalem is die fokus vir aktiwiteit op die nuwe aarde. Die nuwe Jerusalem is 'n uitbreiding van die nuwe hemele en nuwe aarde wat in Openbaring 21:1 bekendgestel is.

Die eerste eksplisiete verwysing na die nuwe Jerusalem is in die boodskap aan die Filadelfia-kerk in Openbaring 3:12, waar dit belowe word as 'n beloning aan **diegene wat oorwin** ('n sinoniem vir gelowiges, vgl. 1 Joh. 5:4-5). Jerusalem verskaf 'n beeld van kontinuïteit wat die aarde en eskatologiese geskiedenis bymekaar bring ten opsigte van die plek waar Elohiem en sy mense saamwoon. Die algemene beeld van 'n toekomstige Jerusalem simboliseer die vervulling van baie van Elohiem se beloftes aan sy volk (vgl. Jes 2:1-5 ; 49:14-18 ; 52; 54; 60-62; 65:17-25 ; Jer 31:38-40; Miga 4:1-4; Sag 14). Daar word op ander maniere na die idee van 'n geïdealiseerde en/of eskatologiese Jerusalem verwys deur die frase "**nuwe Jerusalem**."

Alhoewel die Ou Testament geen eksplisiete verwysing na 'n nuwe Jerusalem bevat nie, sluit Jesaja Jerusalem in sy nuwe hemele en nuwe aarde verklarings in (65:17-19; 66:22). Paulus se allegorie van die "**Jerusalem van daar bo**" in Galasiërs 4:25 - 26, verskaf 'n geïdealiseerde beeldspraak vir Jerusalem. Hebreërs 12:22 praat van die "**hemelse Jerusalem**". Openbaring 21:2, 10 verwys na die nuwe Jerusalem as die "**Heilige Stad**" (vgl. Matt 4:5; 27:53). Openbaring 2:7 se "**paradys van Elohiem**", is 'n vooruitskouing van die nuwe Jerusalem van Openbaring 21 - 22.

'n Herstelde Jerusalem as 'n simbool van die vervulling van Elohiem se beloftes aan Sy volk is ook aanwesig in nie-kanonieke literatuur. Hierdie gebeurtenisse beklemtoon die Judaïstiese verwagting van 'n nuwe wêreld waar hul ideale vervul sal word. In eerste Henog 90:28 - 29 word vertel 'n visioen van 'n transformasie van die "ou huis" in 'n nuwe een, wat 'n **getransformeerde Jerusalem** voorstel. Sibillynse Orakels 5:414-29 teken Elohiem se voorsiening van 'n nuwe stad aan ('n tempel is ingesluit in teenstelling met Open. 21-22, wat 'n meer aardsgeoriënteerde perspektief kan weerspieël). Tweede Barug 32:1 - 4 praat van die nuwe stad wat herbou sal word nadat die oue geskud en ontwortel is as "volmaak tot in ewigheid" (vgl. 2 Edras 7:26; 10:25-28; 13:36; Tobit 13:8-18; T Dan 5:12-13). Tweede Barug 4 vergelyk die nuwe stad met die oorspronklike "paradys", 'n interessante vergelyking in die lig van Openbaring 2:7. **Elohiem se skeppingswerk begin en eindig met die paradys**.

In die kontekstuele opset i.v.m. die nuwe Jerusalem in Openbaring 21 - 22 word dit **teenoor** die bose stad Babilon, die groot stad van die Groot Hoer in Openbaring 17 – 19, gestel. Die taalkundige vergelykings van die moontlike eindpunte van elke afsonderlike visioen is die mees treffende (vgl. 17:1-3 **met** 21:9-10 ; 19:9b-10 **met** 22:6-9). Beide stede word ook as **vroue**, onderskeidelik "**die hoer**" en "**die bruid**", beskou. Elohiem se antwoord op die bose strukture van hierdie wêreld, is **die paradys** wat m.b.t. die **nuwe Jerusalem** weer toeganklik is.

Die betekenis van die beeldspraak van Openbaring 21:9 - 22:5 is redelik goed gevestig in Bybelse en buitebybelse patrone. Die gebruik van die **bruidmetafoor** (21:2) is nie net beperk tot die verwysing na die "kerk" van die nuwe Testament nie, maar moet in sy wyer Bybelse gebruik beskou word as 'n verwysing

na die “**Volk van Elohiem**” wat met die Meester getroud is (vgl. Jes 61:10; Hos 1-3; Joh 3:29; Ef 5:25-33). Openbaring 21:9 stel die beelde van bruid en vrou **gelyk**.

Die beskrywing van die stad vereis dat beide Israel en die Nuwe Testamentiese Gelowiges (bekend as “die Kerk”) ingesluit word (vgl. Hebreërs 11:10, Hebreërs 11:16), want Israel se twaalf stamme en die Kerk se twaalf apostels word albei ingesluit. Die stene (21:19-21) herinner ons aan die borsplaat van die hoëpriester (Ex. 28:17-21, 39:10-14) en Esegiël se tuin van Elohiem (28:13), hoewel die twee lyste nie heeltemal dieselfde is nie, terwyl **Johannes** die **stene** toepas op die **twaalf apostels**.

Die **fontein van die lewe** (Open 21:6) en **die rivier** (22:1-2) laat mens dink aan **Esegiël 47**, maar in Esegiël loop die rivier uit die tempel en in Openbaring 22 van die troon af. Die **nuwe stad is egter in wese 'n nuwe tempel** aangesien dit Elohiem se woonplek en die middelpunt van godsdienstige aktiwiteite is.

Die nuwe Jerusalem is 'n **kubus** van enorme proporsies (12 000 furlongs is ongeveer 1 500 myl), hoewel die gebruik van die getal 12 simbolies kan wees. Die **Allerheiligste in die tempel** van die Ou Testament **was ook 'n kubus** (vgl. 1 Kon. 6:20).

Die boom van die lewe (Openb 22:2) herinner aan die voorval in Eden.

Dit is opmerklik dat die nuwe Jerusalem **geen son of maan** het nie, maar verlig word deur die glans van Elohiem se heerlikheid.

Hoe moet die werklikheid van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde van Openbaring 21 - 22 verstaan word? ...

- Is dit bloot 'n allegoriese beskrywing van die finale situasie van die Nuwe Testamentiese gelowiges met geen werklike toekomstige nuwe aarde as woonplek in die vooruitsig nie,
- of is dit 'n letterlike stad wat oor die millennium-aarde gaan sweef en die verheerlikte afgesonderdes van die Nuwe Testamentiese kerktydperk gedurende daardie tydperk huisves en dan vir die doel van uitbreiding weer nuutgemaak word om in ‘n staat van ewigheid na die hernude aarde oorgeplaas te word (want sommige dispensasionaliste, maar ook sommige nie-dispensasionaliste pas dit toe op die duisendjarige tydperk),
- of is dit 'n letterlike stad wat spesifiek ontwerp is as 'n fokus-middelpunt vir al die verlostes in die ewigheid,
- of is die visioen van Johannes wat apokaliptiese motiewe openbaar, bloot 'n stelling van gesofistikeerde simboliek dat Elohiem oorwinnaar sal wees wanneer die klimaks van die eeue aanbreek?

Hierdie en ander **voorstelle** verskyn in die onderskeie beskikbare literature wat hierdie interpretatiewe aspek van die nuwe Jerusalem probeer aanspreek. Baie kommentare verkies om te fokus op 'n verduideliking van die **groter betekenis** van die **simboliek** sonder om hierdie vraag aan te spreek.

Apokaliptiese genre vereis nie, of aan die anderkant sluit nie 'n letterlike toekomstige stad uit nie. Dit verwag egter van die interpreteerder om op die boodskap van die **simboliese motiewe** te konsentreer eerder as om 'n bloudruk van die struktuur te probeer skilder.

Gary T. Meadors

0-0-0-0-0-0

Sien ook:

- DIE BETABARA VAN JERUSALEM
- IN DIE HUIS VAN MY VADER
- GILGAL EN GALILEA